

4

JESUS SE OPSTANDING

Die leë graf

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet Jesus is deur die Vader opgewek uit die dood.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- die dood is straf vir die sonde.
- hulle hoef nie vir die dood bang te wees nie.
- Jesus laat ons ook uit die dood opstaan.

Gesindheid

- Die kinders moet bereid wees om op die Here te vertrou.
- Die kinders moet glo dat ons ook uit die dood sal opstaan en dat ons plek het by die Here.

Vaardigheid

- Die kinders moet ander mense van Jesus se opstanding gaan vertel.

MEER INLIGTING ((Matteus 28: 11-15; Markus 16: 1-20; 1 Korintiërs 15: 3-8)

Die dissipels en die volgelinge van Jesus was baie ontsteld oor sy dood. Hulle het Hom orals gevolg en al hulle hoop op Hom gevestig. Nou lyk dit of alles verniet was.

Jesus het waarlik uit die dood opgestaan. Die wagte het gesien hoe 'n engel van die Here die klip voor die graf wegrol toe hulle die graf opgepas het. Hulle het groot geskrik en dit aan die hoëpriester gaan vertel. Die Joodse leiers het die wagte geld aangebied om 'n storie te versprei dat die dissipels Jesus se liggaam in die nag gesteel het. Die leiers het probeer om die mense te mislei, sodat mense nie sou glo dat Jesus waarlik opgestaan het nie. Die Jode glo dié storie tot vandag toe nog.

Maar daar was nog bewyse dat Jesus opgestaan het. Maria Magdalena en Maria, die ma van Jakobus, en Salome het na Jesus se graf toe gegaan om sy liggaam te behandel met reukolie. Groot was hulle verbasing toe hulle by Jesus se graf kom en die klip wat voor die graf was, is weggerol. 'n Jongman met wit klere aan het by die plek gesit waar Jesus gelê het. Hy sê toe vir hulle dat Jesus nie meer daar is nie, want Hy is opgewek uit die dood.

Maria Magdalena het hierdie goeie nuus vir die dissipels gaan vertel. Die dissipels wou haar nie glo nie omdat hulle gedink het dit is nie moontlik nie. Jesus het later self aan die elf dissipels verskyn. Toe het hulle eers beseef dat Hy opgewek is. Die Here is almagtig en by Hom is enigiets moontlik.

Dit is vir ons goeie nuus. As ons in die opstanding van Jesus glo, word ons ook gered. Jesus het vir ons die sonde en dood oorwin. Daarom wil Hy hê ons moet weet dat ons plek in die hemel by die Here het. Jesus het sy dissipels uitgestuur om die goeie nuus vir die wêreld te gaan vertel. Dit is ook ons wat in Jesus glo se opdrag om die boodskap van Jesus se opstanding aan die wêreld te bly verkondig.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Die kinders moet vertel hoe hulle voel en wat gebeur wanneer iemand sterf vir wie hulle baie lief is. Vra aan hulle wat gewoonlik by 'n begrafnis gebeur. Vra wat hulle sal dink indien die persoon wat hulle reeds begrawe het, skielik aan hulle verskyn.

Wanneer iemand sterwe, is ons baie hartseer daaroor. Ons rou gewoonlik vir 'n paar dae oor die persoon en begrawe hom of haar dan om finaal afskeid te neem. Wanneer die persoon skielik aan jou verskyn, sal jy baie groot skrik en dink dat jy 'n spook gesien het. Jy sal nie sommer glo dat die persoon waarlik opgestaan het nie.

Laat kinders uit elke fase om die beurt 'n paar verse uit Matteus 16: 1-15 hardop lees.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

- Jesus is aan die kruis in ons plek vir ons sonde gestraf.
- Sy bloed het ons sondes afgewas.

- Jesus het uit die dood opgestaan.
- Hy lewe vir ewig.
- As ons in Jesus glo, sal ons ook uit die dood opstaan.
- Ons is nou vir altyd by Hom.
- In hierdie lewe is Jesus deur die Heilige Gees nog steeds by ons.
- Na hierdie lewe is Hy vir altyd by ons op die nuwe aarde.

IETS OM TE DOEN

Verdeel die kinders in groepe. Sorg dat daar een of twee kinders uit elke graad in dieselfde groep is. Laat hulle die volgende opdragte voltooi deur mekaar te help.

Die volgende stuk kom uit **Bybelkoerant: Nuus uit die Bybel vir vandag, bladsy 75**. Laat die kinders die stuk lees. Hulle moet die letters tussen hakies skommel en die korrekte woord langs die hakie in die oop spasie neerskryf.

Jesus is nie meer dood nie, sê volgelinge.

Kenners voorspel: kopseer vir die Joodse Raad nog lank nie verby.

JERUSALEM. — Hardnekkige gerugte doen hier die rondte onder volgelinge van Jesus van Nasaret dat hy nie *dood* is nie. Hy is verlede *Vrydag* op *Golgota* gekruisig.

Jesus het blykbaar gister, *drie* dae nadat hy dood en begrawe is, aan verskeie van sy volgelinge verskyn. Volgens *Simon Petrus*, die leier van die dissipels, het hy en nog 'n dissipel, *Johannes*, gisteroggend vroeg gaan ondersoek instel toe hulle gehoor het dat Jesus se *liggaam* nie meer in die *graf* is nie.

Toe hulle by die *graf* kom, het hulle net die *doeke* daar gekry. Van Jesus se *liggaam* was daar geen *teken* nie. “Ons is huistoe, maar kort daarna het 'n vriendin, *Maria Magdalena*, vir ons kom vertel dat ons *meester* aan haar verskyn het. Hy het selfs met haar *gepraat*.”

“Ons was eers skepties, maar gisteraand het ons hom almal gesien. Hy het in *lewende* lywe voor ons gestaan, en om ons te oortuig dat hy nie 'n *spook* is nie, het hy selfs 'n stukkie *vis* saam met ons geëet!”

“Ek het met my eie hande aan hom gevat, en glo my, hy *lewe*. Dis beslis nie 'n *spook* wat ons gesien het nie,” het 'n opgewonde *Petrus* vertel.

Lees hiervan in Matteus 27: 62 en 28: 15, en ook die berigte in Lukas 24 en Johannes 20.

Gee aan die kinders genoeg tyd om bogenoemde opdrag te voltooi. Laat hulle in groepe saamwerk. Verduidelik moeilike woorde aan hulle. Lees na die tyd die stuk saam met hulle deur en maak seker dat hulle die korrekte woorde ingevul het.

Toets die kinders se kennis deur die volgende vrae as hersiening te vra. Hulle kan Markus 16: 1-20 en Matteus 28: 11-15 lees om hulle te help.

- Wie het die graf van Jesus opgepas? *Wagte.*
- Wie was die vrouens wat Jesus se graf besoek het? *Maria Magdalena, Maria – Jakobus se moeder – en Salome.*
- Wat wou hulle by die graf gaan doen? *Hulle wou Jesus se liggaam behandel met reukolie.*
- Waarom was hulle verbaas toe hulle by die graf aankom? *Die klip voor die graf was weggerol.*
- Wie was die jongman wat hulle by die graf raakgeloop het? *'n Engel van die Here.*
- Wat was die opdrag wat die jongman aan hulle gegee het? *Hulle moes aan die dissipels gaan vertel dat Jesus opgestaan het en dat Hy hulle by Galilea sou sien.*
- Wat wou die Joodse priesters hê moes vertel word oor die gebeurtenis by die graf? *Hulle wou hê daar moes vertel word dat Jesus se liggaam gesteel is en dat Hy nie werklik opgestaan het nie.*
- Wat beteken dit vir jou en vir my dat Jesus opgestaan het uit die dood? *Dit beteken dat Jesus die dood oorwin het en dat ons ook eendag sal opstaan uit die dood en vir ewig by Jesus sal woon.*

AFSLUITING

Lees of sing Gesang 422: 1, en sluit dan af met gebed.

*Die Heer, die Heer het opgestaan!
 Die Heer het wáárlík opgestaan!
 Vir sondaars het die Heer gesterf,
 die lewe deur sy dood verwerf!
 Oorwinning is vir ons verkry
 oor sondemag en -heerskappy.*